

VIR DIE KLEINSPAN

Gebreide pakkies wat baie dienlik is

LIGBLOU KLEUTERPAKKIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g Elle Summer Breeze (suiwer katoen, 250-g-keëls of 50-g-bolle); een paar breinaalde van 3,50 mm.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 56 cm te pas.

SPANNING: 30 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); herh – herhaal; ks – koussteek; awg – aweregsgegewys; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; pat – patroon; m1 – maak een steek deur garing rondom breinaald te slaan; beg – begin; weersk – weerskante; volg – volgende; rif – riffelsteek (=een regs, een aweregs); VK – verkeerde kant.

Buissteek: r 1, glip 1 st awg; in daaropvolgende rye r die glipsteek.

Kabelsteek: *aw 3, plaas 2 ste op 'n kabelnaald aan voorkant van werk, r 2, r ste vanaf kabelnaald*; herh tot einde van ry.

2e, 3e en 4e ry: Brei ste soos hulle voorkom. Herh hierdie 4 rye.

Patroonsteek: 1e ry: (VK) *aw 2, glip 1 st, aw 2*; herh tot einde van ry.

2e ry: Brei ste soos hulle voorkom en glip glipsteek weer eens.

3e ry: r tot einde.

4e ry: r tot einde.

Herh dié 4 rye.

Gaatjiesry: r 1, *r2 tes, m1*; herh tot einde van ry.

AGTERPANT: Beg by onderkant van broekspyp en stel 38 ste op.

Brei 2 rye buissteek.

Slaan oor na kabel-st, brei 11 rye (eindig aan VK).

Slaan oor na pat-st. Brei voort tot werk 11 cm lank is vanaf beg, plaas ste op reserwenaald.

Brei tweede broekspyp op dieselfde manier tot dit so lank soos eerste is, plaas dan al die steke op een breinaald.

Brei voort tot werk 21 cm lank is vanaf beg.

Brei 1,5 cm rif, een gaatjiesry en weer 1,5 cm rif.

Brei voort in pat-st tot werk 36 cm lank is vanaf beg.

Slaan oor na kabel-st en brei oor al die ste tot werk 39 cm lank is vanaf beg.


Brei 4 rye buissteek. Heg af deur laaste buissteek ry, toe te maas.

VOORPANT: Soos agterpant, tot werk so lank soos agterpant is en brei dan voort in kabel-st op die 4e en 8e motief om skouerbandjies te vorm; hou die eerste en laaste 2 ste van skouerbandjies in reksteek, en brei ongeveer 20 cm.

KRUIS: Stel 3 ste op en brei ks, vermeer 1 st aan weersk tot daar 17 ste op breinaald is. Brei voort tot werk 4 cm lank is vanaf opstelpunt, vermin daarna aan weersk weer 1 st tot 3 ste oorbly. Heg af.

AFWERKING: Voeg kruisstuk in, plaas verkeerde kant teen regte kant tussen broekspype. Werk synate toe en skouerbandjies vas.

Maak 'n koordjie en ryg dit deur gaatjiesry, soos op foto gesien kan word.



SPEELPAKKIES

BEIGE KLEUTERPAKKIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g Elle Summer Breeze (suiwer katoen, 250-g-keëls of 50-g-bolle); een paar breinaalde van 3,50 mm plus 'n reserwenaald; hoederek om deur gaatjies te ryg.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 56 cm lossies te pas.

SPANNING: 26 ste en 32 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); awg - awe-regsgewys; herh - herhaal; ks - koussteek; vlg - volgende; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; pat - patroon; m1 - maak een steek deur garing rondom breinaald te slaan; beg - begin; weersk - weerskante; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs).

Buissteek: r 1, glip 1 st awg. In daaropvlg rye r die glipsteek.

Patroonsteek: 1e ry: aw 3, r 2.

2e en al die ewe rye: aw tot einde.

3e ry: r 3, aw 2.

5e ry: Herh vanaf eerste ry.

Gaatjiesry: r 1, * r2 tes, m1 * tot einde van ry.

AGTERPANT: Beg by onderkant van broekspyp en stel 38 ste op. Brei 4 rye buissteek.

Slaan oor na patroonsteek en brei voort tot werk 10 cm lank is vanaf beg. Plaas ste op 'n reserwenaald.

Brei tweede broekspyphefte op dieselfde manier tot dit so lank soos eerste helfte is. Stel nou 17 ste op en werk dit tussen twee stelle van 38 ste elk; vermin telkens 1 st aan weersk van insetsel tot al die steke afgebrey is.

Brei voort tot werk 25 cm lank is vanaf beg, brei 1 cm rif, 'n gaatjiesry en weer 1 cm rif.

Slaan oor na pat-st; brei voort tot werk 36 cm lank is vanaf beg. Brei 4 rye buissteek.

Verdeel nou hierdie steke vir twee naalde, deur die steke om die beurt op twee naalde op te tel.

* Met die reserwenaald word nou r 1, m1 in elke steek gebrei om die aantal steke te verdubbel. Brei nog 2 cm ks oor ste op een naald en heg af.

Neem nou die tweede stel steke op en herhaal van *

Wanneer die werk voltooi is, is daar 'n dubbele val aan die borand van pakkie.

VOORPANT: Soos agterpant.

AFWERKING: Werk broekspyp- en kruisnate toe. Tel steke van onderste broekspyp-rand op; verdeel en brei soos val aan borand van pakkie.

Werk synate toe. Maak 'n koordjie en ryg dit deur gaatjiesry in middel.

Ryg 'n stuk hoederek deur gaatjiesrye aan bo- en onderrand van kledingstuk om valletjies effens in te ryg. Raadpleeg foto.

